Towerlantern Fotografie
fotografienuus
september 2021

Eenvoud, Aus, Namibië
Lensopening: f22; Sluiterspoed: 1/20 sekonde; Fokale lengte: 135 mm

Verlede maand het ons gesê “die winter is aan die verbygaan, die lente aan die kom”. En nou, aan die begin van September, kan ons sê “die lente is hier”. Laat dié wete jou en jou fotografie inspireer tot die hoogste hoogtes.

Die GROOT NUUS hierdie maand is dat saam met die uitstuur van hierdie uitgawe van *Fotografienuus* begin ons jaarlikse foto-uitstalling ook. Baie dankie aan al die uitstallers – 33 van hulle! Besigtig gerus die uitstalling en deel dit ook met vriende.

Geniet hierdie uitgawe van *Fotografienuus* en mœnie iets mislees nie. Lees veral ook die bydræs van ons artikel-skrywers: Johann Nel se *Fotografie in die verlede* en Fanie Cœtzee se *Dierefotografie – van rekordfoto’s na aksiefoto’s*.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag ’n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto’s nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Ons voorbladfoto, getiteld *Eenvoud*, spreek werklik van eenvoud. Let op hœ min verskillende kleure daar in die foto is, hœ skraps die lyne is en hœ min detail daar is. Maar let op dat die foto allermins eenvoudig is, al het die foto die minimum detail. Hierdie eienskappe van die foto is tipies van wat genœm word minimalistiese fotografie. Dit is ook die hooftema van hierdie uitgawe van *Fotografienuus*, en ons gesels verderaan meer hieroor.

Die foto-instellings van die voorbladfoto is verstaanbare waardes: 'n klein lensopening (f22), 'n redelik ingezœmde lens (135 mm) en 'n stadige sluiterspœd (1/20 sekonde). In aansluiting by hierdie inligting, mœt daar verder genœm word dat daar nie minder nie as 12 soortgelyke en verwante foto's geneem is met sluiterspœde wat wissel van 3/10 (of 9/30) sekonde tot 1/30 sekonde.

Daar is groot gebiede van die Suid-Afrikaanse en Namibiese landskappe wat spreek van ruimte en grootse vistas; en ook lyne en kleure. Dit is juis kenmerkend van die voorbladtoneel en ook die toneel hierby. In ons vorige uitgawe van *Fotografienuus* het ons gesels oor atmosfeer/luim (Engels: *mood*) en die voorbladfoto spreek juis ook daarvan.

MINIMALISTIESE **FOTOGRAFIE**

Vir baie van ons lesers is die begrip "minimalistiese fotografie" (Engels: *minimalist photography*) miskien 'n vreemde begrip. Maar as jy die definisie van minimalistiese fotografie op die volgende bladsy klaar gelees het, behoort daar vir jou 'n lig op te gaan. En ook, as jy sou gaan kyk na jou foto's, gaan daar dalk verskeie van jou foto's wees wat minimalisties is.

Towerlantern Fotografie
- september 2021 -

MINIMALISTIESE **FOTOGRAFIE**

'n Formele definisie van minimalisme in kuns is die volgende omskrywing, volgens *Wikipedia*: Minimalistiese fotografie is 'n vorm van fotografie wat geïdentifiseer word deur 'n baie groot mate van eenvoud. Dit benadruk ylheid in die foto en fokus op die kleinste hoeveelheid onderwerpe in die foto. Klem word gelê op min items eerder as op 'n veelheid van inligting.

Minimalistiese fotografie kan wyd toegepas word en ook op verskillende fotogenres, waaronder landskapfotografie, abstrakte fotografie en stillewefotografie. Gebruik die soekterm *minimalist photography* om 'n byna oneindige hoeveelheid minimalistiese foto's en idees te sien. Die semi-abstrakte natuurfoto op die vorige bladsy kan miskien ook jou gedagtes in 'n bepaalde rigting lei.

Wenke vir minimalistiese fotografie

Ons gee die volgende wenke vir minimalistiese foto's om jou fotografie aan die gang te kry.

- Word bewus van minimalistiese fotografie. Die beste manier om dit reg te kry is deur na foto's op internet te kyk, met ander fotograwe te gesels en om self daarmee aan die gang te kom.
- Hou dit eenvoudig. Daar moet werklik so min as moontlik onderwerpe in die foto wees wat die kyker se aandag aftrek.
- Gebruik negatiewe ruimtes in jou foto's. Met negatiewe ruimtes word die gebiede in 'n foto bedoel wat onbeset is. Benut dit om die trefferpunt(e) in jou foto te laat uitstaan.
- Gebruik kleur. Met kleur word enige kyker getrek. Gebruik dit, maar moenie dat kleur die minimalisme van die foto versteur nie.
- Hou by die eenvoudigste agtergronde. Bestudeer jou omgewing (lug, berge, ensovoorts) en sorg dat daar nie items is wat die foto te besig maak nie – veral ook juis wat die agtergrond betref.
- Onthou die reël van derdes. Minimalistiese foto's moet steeds aan die gewone komposisiereëls voldoen. Omdat so 'n foto tipies yl is, is die reël van derdes (of vyfdes of sewendes) altyd besonder belangrik.
- Maak gebruik van tekstuur. Soos kleur is tekstuur ook 'n handige hulpmiddel by minimalistiese foto's. Benut dit op 'n sinvolle manier sonder dat die foto oorvol raak.

Besoek die ondergenoemde webwerwe vir verdere wenke en idees.

https://photodoto.com/8-tips-to-become-excellent-at-minimalist-photography/
https://expertphotography.com/10-tips-minimalist-photography/

RIGLYNE VIR MINIMALISTIESE FOTOGRAFIE

MAAK VOORAF SEKER:

- Jy het 'n mooi yl toneel voor jou. (Omdat die genre so wyd is, sal ons 'n enkele keuse maak, naamlik 'n sonondergangtoneel met 'n helder lug en 'n enkele prominente onderwerp.)
- Jy het die kamera op 'n driepoot opgestel.



FORMAAT

Landskapformaat sal waar-skynlik die beste wees.

LENSOPENING

Dit kan varieer. Vir die foto hierby is dit f4.

KEUSE VAN FOKUSPUNT

Kies 'n ver fokuspunt, soos 'n prominente onderwerp.

ISO

'n Læ ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

TIPE LENS

Enige tipe lens, byvoorbeeld 'n wyehœklens vir 'n wye landskap of 'n smalhœklens vir 'n smaller toneel.

SLUITERSPOED

Maak gebruik van die liniaal-instelling van die kamera, varieer dit en maak later 'n beste keuse per rekenaar. Hou in hierdie proses die kameraposisie onveranderd.

WITBALANS

Pas aan vir aandfotografie, maar eksperimenteer ook met ander instellings.

FYN FOKUSSERING

Maak weer seker van die fokussering.

Towerlantern Fotografie
- september 2021 -



Pascarola & Larouse in Matra Simca gedurende 9-uur wedren op 6 Nov 1974. Tœstand donker, 19:00, reën! Ilford 400 ASA (ISO). Belig vir 800 ASA. Nikor 55mm; f3.5; 1/125; swenking.

Fotografie in die verlede

– enkele herinneringe

JOHANN NEL

Ek het my eerste kamera in 1952 gekry en ook my eerste film self ontwikkel in dieselfde jaar. Gedurende die laat sestigerjare en vroeë sewentigerjare was ek gelukkig om vir die destydse *Sunday Times* en *Potchefstroom Herald* as deeltydse motorsport-fotograaf te werk. Vir elke groot motorsport-byeenkoms het hulle my gratis voorsien van 1x36 lengte swart-en-wit film.

Towerlantern Fotografie
- september 2021 -

S Adler tydens 'n wedren op Kyalami gedurende 1973. Geen ander inligting.

LM-Total Tydren. 23 Augustus 1974. In bosse êrens tussen Sabie en Witrivier. Let op na klippe in stofwolk! Geen kamera inligting beskikbaar.

Vir elke foto wat gepubliseer is, is 'n klein bedrag kontant betaal.

Gedurende die sestigerjare het ek 'n 35 mm Argus kamera gebruik te-same met 'n Gossin Lunasix ligmeter. Gedurende Januarie 1970 het ek 'n Nikon F Photomic gekoop – die eerste 35 mm kamera met 'n ingeboude ligmeter!

Die normale prosedure was dat wanneer ek op Kyalami foto's mœs neem, ek my donkerkamer reeds Vrydagaand in gereedheid gebring het. Dan Saterdagoggend voor ligdag op pad Kyalami tœ vir wedrenne. Op die laatste om 18:00 weer weg van Kyalami af en terug "gejaag" Potchefstroom tœ so vinnig as wat Swart Beetle kon ry (teen afdraandes af tot 75+ myl per uur, opdraandes stadiger!). Ongeveer 20:00 tot 20:15 terug in Potchefstroom. Dadelik films ontwikkel, kontakafdrukke gemaak onder vergroter, foto's uitgesœk, foto's gedruk. Dan klokslag om 24:00 oorhandig aan *Sunday Times* se man. Met die foto's en negatiewe mœs hy dan terugjaag Johannesburg tœ waar die foto's ingelees is voor "saktyd" om 03:00. Alles betyds sodat die kœrant om 06:00 op straat kon wees!

Plekke waar ek gewoonlik my foto's geneem het was in die kuipe en by Klubhuis-draai. Met my "Persfotograaf"-kaart kon ek natuurlik op baie plekke beweeg waar die publiek nie tœgelaat was nie.

Die vinnigste film op die mark was 400 ASA (ISO). Soms, veral laatmiddag en met 9-uur wedrenne, het ek dieselfde film op 800 ASA belig! En met nog donkerkamer-prosedures gœie resultate bereik. Kyk gerus na die motorsport-foto's hierby van tœka se dæ – lank, voor die digitale omwenteling!

Dierefotografie

Van rekordfoto's na aksiefoto's

FANIE COETZEE

Towerlantern Fotografie
- september 2021 -

Wegkruip, herlaai, kreatief wees, uitdaging, adrenalien, verwondering en nog baie meer. Daarom is ek lief vir diere- en voël-fotografie.

Natuurlik moet jy in die natuur kom om diere en voëls af te neem en dit is waarskynlik die rede waarom dit my so aanspreek. Dit gee my die geleentheid om in te fokus op God se skepping en die detail daarvan te begin raaksien.

Natuurlik het diere bene en voëls vlerke. Hulle het ook 'n wil van hul eie. Jy moet neem as jy kan en jy moet kan neem as jy die oomblik se kans kry. Dit is juis die uitdaging van dié soort fotografie. Selde kry jy die geleentheid om die driepoot op te slaan, sluiterspoed te verander, te herfokus of met verskillende ligmetings te eksperimenteer. Die unieke foto is vir 'n enkele onherhaalbare oomblik daar en jy moet hom neem, anders is hy verby.

Hoe meer jy van die diere en hulle maniere leer ken, hoe makliker word dit – veral as jy van rekordfotografie na aksiefotografie oorbeweeg. So weet jy naderhand dat byvreters min of meer elke keer vanaf dieselfde stomp of tak

af jag. Jy kan hulle dus as't ware inwag en met hoëspoed-modus meestal 'n stukkie aksie vasvang. (Natuurlik vertel ek nie van die reekse leë foto's van 'n droë takkie wanneer die byvreter besluit om 'n slag op 'n ander takkie te gaan sit nie!)

My belewing van wildkyk deur die lens van 'n kamera is intens. Dit voel asof elke toneel wat ek deur die lens vasvang ook in my brein se hardeskyf ingebrand word. As die herinneringe tot væ lyne vervaag, het jy natuurlik altyd die foto's om dit weer in te kleur.

Voëlfotografie is gebore uit 'n heelwat langer belangstelling in voëlidentifikasie. Die 600 mm Sigma-lens maak identifikasie soveel makliker as bloot deur 'n verkyker. Ek is besig om my eie PowerPoint-fotolys op te bou en kon al meer as 330 verskillende spesies op

kamera vaslê. Dit werk so: van elke voëlspesie kan ek drie foto's per PowerPoint skyfie insluit. Elke keer as jy beter foto's neem word die fotolys opgegradeer.

Wat gebeur met die mens agter die kamera?

- Ek leer geduld aan.
- Ek leer om in die oomblik te leef en te vat wat na my kant toe kom.
- Ek leer hoe bevoorreg ek is om 'n kamera te hê en om op plekke te kom waar ek bloot die besoeker en waarnemer is van wat elke dag vanself afspeel.
- Ek groei in waardering vir my lewensmaat se oneindige geduld met my.

Dankie aan die "Johan'ne" en Towerlantern Fotografie wat my die beginsels en praktyk van fotografie geleer het sodat ek dit op diere- en voëlfotografie kan toepas.

WERD OM TE WEET

Met skemerfoto's (oggend en aand) is dit belangrik om die regte beligting te kry – anders gaan jy baie teleurgesteld wees met die resultaat. Afhangend van die situasie is daar verskillende tegnieke om van kennis te neem:

- As jy 'n stilstaande onderwerp afneem (byvoorbeeld 'n landskap), varieer dan die sluiterspoed en maak later 'n beste keuse.
- As jy 'n bewegende onderwerp afneem (byvoorbeeld vlieënde of swemmende voëls), verhoog dan die ISO sodat die sluiterspoed steeds vinnig kan bly.

Ons kalender – ons tydhouer

Ons is almal so vas aan ons kalender – soms baie mooi met eie foto's daarby – dat ons nooit eers wonder waarvandaan die maandname kom nie.

Die herkoms van ons maandname is baie interessant en ons gesels bietjie daaroor. As agtergrond is dit belangrik om eers die volgende sake te weet:

- Die woorde "almanak" en "kalender" ken ons as sinonieme. Dis interessant om te weet dat "almanak" ook verwys na 'n jaarboek, byvoorbeeld die Amerikaanse Farmers' Almanac wat deurlopend sedert 1818 uitgegee word. Op sy beurt sluit "kalender" aan by die Latynse kalendas, 'n term uit die destydse Romeinse kalender.
- Die Latynse telgetalle van 1 tot 10 is die volgende: unus, duo, tres, quattuor, quinque, sex, septem, octo, novem, decem.

In die tyd van Julius Cæsar (Iulius Cæsar in die Romeinse vorm) (100-44 vC) was daar reeds 'n Romeinse kalender met 12 maande in gebruik. Dié het begin op ons datum 1 Maart en het geëindig op ons datum 28 Februarie.

In Cæsar se tyd is daar reeds besef dat 'n skrikkeldag elke 4 jaar noodsaaklik is vir die saamloop van die maande met die seisœne. Daarom is die skrikkeldag toe aan die einde van hul jaar, 28 Februarie, ingevœg, en ons het dit nog steeds so. Ongelukkig was die reël vir skrikkeldæ elke 4 jaar nie akkuraat genœg nie, en dit het gelei tot 'n datumfout. Dié mœs reggestel word deur die reël effens te verander. So is die "fout" in 1582 reggestel soos in die Oktober 1582-kalenderblad hierby gewys word.

JULIAN 1582		October			Gregorian 1582	
Sun	Mon	Tues	Wed	Thurs	Fri	Sat
	1	2	3	4	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

Ons kalender – ons tydhouer

(vervolg)

Teen 45 vC – dus nog in Cæsar se leeftyd – is die begin van die jaar teruggeskuif van 1 Maart na 1 Januarie. Die gevolg was:

- Die ou maand 7 (septem) het maand 9 (September) geword.
- Die ou maand 8 (octo) het maand 10 (Oktober) geword.
- Die ou maand 9 (novem) het maand 11 (November) geword.
- Die ou maand 10 (decem) het maand 12 (Desember) geword.
  Mœt nooit min dink van ons Latynse erfenis nie!

Julius Cæsar het egter verder gegaan – hy was immers die Keiser. 'n Maand mœs na hom vernœm word, en so sit ons met Julie. 'n Paar dekades later het keiser Augustus sý beurt gekry en die agtste maand, die vrœëre sesde, Sextilis, het Augustus geword. Dit was ook nie gœd genœg nie – vir die maand Augustus mœs daar afgewyk word van die patroon 30-31-30-31 na 'n nuwe patroon 30-31-31-30.

Om af te sluit, en vir dankbaarheid: Die verdere pogings om maandname te verander, het misluk, anders het ons gesit met, van die vierde maand af, Neronius, Claudius, Germanicus, Julius, Augustus, Tiberius. Die Romeinse senaat is gelukkig tot orde gerœp deur 'n wyse senator: *Wat sal julle dœn as daar dertien keisers is?*

KYK OM JOU ROND

Mœnie dink jy mœt na ver plekke tœ reis om minimalistiese foto's te kry nie. Selfs al is jy ingeperk in jou huis, kan jy gœie foto's naby jou kry.
Let maar net op na lyne by stœle se rugleunings, vensterrame of ligpatrone onder 'n stel trappe.
Mœnie geïntimideerd raak deur minimalisme nie. Daar is werklik oral om jou minimalistiese tonele – jy mœt net leer om dit raak te sien. Kyk om jou rond!

Towerlantern Fotografie

- september 2021 -

WAT DRYF JOU OM FOTO'S TE NEEM?

Waarom neem jy foto's? Natuurlik is daar baie redes, afhangend of jy 'n amateur-, semiprofessionele of professionele fotograaf is. Baie van ons lesers neem miskien net onthoufoto's. Ander neem foto's omdat hulle hul kreatiwiteit wil uitleef. Nog ander neem foto's omdat dit hul professionele berœp is; hul brood en botter.
In 'n *Time*-artikel getiteld "Why we do it: Photographers and Photo Editors on the passion that drives their work" word die gedagtes van 'n aantal berœpsfotograwe gegee. Ons deel enkele menings.

"PHOTOGRAPHS ARE THE UNIVERSAL LANGUAGE OF OUR ERA."

Kathy Ryan,
Director of Photography, the New York Times Magazine

"I have spent my entire professional life creating, editing, critiquing or teaching photography. ... In a deeply personal way I feel an image is a pœm about time, about 'staying the moment.'"

SARAH LEEN, DIRECTOR OF PHOTOGRAPHY, NATIONAL GEOGRAPHIC

"I SHOOT BECAUSE I SEE. I SHOOT BECAUSE IF I DON'T, I DON'T KNOW WHO WILL."

Rudy Roye,
Fotograaf

"Why do we do it? I think we all ask ourselves this question ... But for me, it comes down to the people in my photographs. I still believe in the power of journalism and photojournalism to spark positive change ..."

STEPHANIE SINCLAIR, FOTOGRAAF

"Why is photography important?

PHOTOGRAPHY SPEAKS.

When I discovered and later understood photographic visual language, I saw that this language could inform, educate and move audiences worldwide without the need for a shared spoken language."

MARYANNE GOLON, DIRECTOR OF PHOTOGRAPHY, WASHINGTON POST

Gebruik dié skakel vir verdere menings en volledigheid (maar wees versigtig, jy het net 'n beperkte aantal gratis artikels wat jy kan lees). https://time.com/4839246/photographers-passion/

FOTO-idees

Idee 1: Kragpale en -drade

Neem minimalistiese foto's van kragpale en -drade teen 'n helder wolklose lug.



Towerlantern Fotografie
- september 2021 -

FOTO-idees

Idee 2: Vyfdes en sewendes

Gebruik die reël van vyfdes (of selfs sewendes) om minimalistiese foto's te neem van 'n land- of seeskap. Die land of see mœt slegs die onderste vyfde/ sewende beslaan.

FOTO-idees

Idee 3: Lyne

Maak lyne jou onderwerp in minimalistiese tonele. Onthou steeds die slagspreuk: minder is meer / *less is more*.



FOTO-idees

Idee 4: Argitektoniese tonele

Ry deur jou dorp of stad en sœk na minimalistiese tonele deur na geboue of ander strukture op te let. Laat die foto hierby jou een idee gee.

Towerlantern Fotografie
- september 2021 -

GROOT NUUS – GROOT UITSTALLING

Ons het die afgelope tyd in *Fotografienuus* en andersins fotograwe uitgenooi om aan ons September-uitstalling deel te neem. En nou is ons by dié uitstalling.

Die uitstalling is amptelik gedurende September 2021. Dit is 'n Youtube-aanbieding en nadat September verby is, is dit nog steeds te sien. As jy enigsins belangstel in fotografie, sorg dat jy daar 'n draai gaan maak. En laat dit jou inspireer.

Die uitstalling kan besigtig word by https://youtu.be/tD67EVYZCzg.

Kyk gerus ook by https://youtu.be/mfCJWGmFlpA na verlede jaar se aanlynuitstalling (2020 Foto-uitstalling Towerlantern Fotografie - YouTube).

waardering van lesers

Sanette Struwig, Strand, skryf:
"Dankie vir die Fotografienuus – dis uitstekend gedœn (die skryf en Fransa [Vorster] se uitleg). Ek wil jou ook komplimenteer met die interessante en leersame manier wat jy inligting deel. Al stel ek nie self belang in fotografie nie, stel jy dit so mooi dat mens sommer lus word om dinge uit te tœts!"

OP INTERNET GESIEN

Anthony Schmidt neem graag modelkarretjies af. Kyk hœ oulik het hy hierdie opstellings gemaak. Hy is 12 jaar oud. Gaan maak gerus 'n draai op sy webblad vir nog besondere foto's.
Adres: https://anthonyryanschmidt.com/gallery